# die wapad

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

DEEL XIV VRYDAG, 1 MEI 1959 NR. 4


# N. U. S. A. S.

## Giftige Propaganda in Buiteland

**TEEN DIE BESWADDERING VAN SUID-AFRIKA SE NAAM IN DIE BUITELAND DEUR N.U.S.A.S. EN POGINGS OM SUID-AFRIKA ORAL IN ONGUNS TE BRING, NEEM DIE A.S.B. VIERKANTIG STELLING IN EN WIL HOM POSITIEF EN DAADWERKLIK BEYWER OM SUID-AFRIKA IN 'N REGTE PERSPEKTIEF DEUR DIE BUITELAND TE LAAT SIEN. DIT BLYK OPNUUT UIT MOSIES EN BESPREKINGS WAT TYDENS DIE JONGSTE KONGRES AANGENEEM EN GEVOER IS.**

**LEES 'N MENS DIE JONGSTE NUUSBRIEF VAN N.U.S.A.S., VAL DIT OP HOE GIFTIG EN SUBTIEL HIERDIE LIBERALE LIGGAAM SY PROPAGANDA HIER, MAAR VERAL IN DIE BUITELAND VERSPREI. DIE BRIEF WEMEL VAN BERIGTE OOR PROTESVERGADERINGS WAT IN SUID-AFRIKA EN OORSEE GEHOU IS TEEN DIE REGERING SE WETGEWING INSAKE AFSONDERLIKE UNIVERSITEITE.**

Enkele uittreksels toon die verwronge voorstelling van die toestand in Suid-Afrika. Voor 'n vergadering van sowat 150 mediese studente in Johannesburg, het mnr. Neville Rubin, president van N.U.S.A.S., verklaar dat, alhoewel die regering reeds sedert 1948 poog om aparte universiteite in te stel, hy nog altyd aan bande gelê is deur teenkanting van Universiteitsweë en deur sy eie gewete. Mnr. D. Shingler, president van die studenteraad, het verklaar dat afsonderlike universiteitsopleiding afgedwing word teen die wil van 95% van die studente van Wits en Kaapstad.

Studente van Oxford het voor Suid-Afrikahuis in Londen geparadeer met reuse plakkate met opskrifte soos "OXFORD STUDENTS PROTEST AGAINST APARTHEID IN UNIVERSITIES", "NO SEGREGATION IN SOUTH AFRICAN UNIVERSITIES" en "UNIVERSITEITE MOET VREIE WEES".



**DIE GRADEDAG-HYSKRAAN, PUKKELAND — die lagwekkendste vlot.**

Selfs van Amerika, Brittanje en Europa is proteste ontvang teen die Suid-Afrikaanse beleid.

Insiggewend van die verwronge idees wat N.U.S.A.S. in die buiteland versprei, is die besluit van 'n onlangse vergadering van die I.S.K. in Lima, Peru (waarheen die A.S.B. ongelukkig nie 'n afgevaardigde kon stuur nie). By hierdie vergadering is Suid-Afrika verteenwoordig deur mnrr. Neville Rubin en M. Gunther, president en vise-president van N.U.S.A.S. onderskeidelik. 'n Derde afgevaardigde, mnr. L. Mutambanengwe van Fort Hare, is tot een van die vyf voltydse sekretarisse van die organisasie verkies.

By hierdie vergadering het ses-en-sestig studente-organisasies, verteenwoordigend van sowat 6,000,000 studente uit alle dele van die wêreld eenparig besluit om propaganda te maak en die Unie se apartheidsbeleid te bestry.

Die A.S.B. doen daadwerklike stappe om N.U.S.A.S. se georganiseerde lasterveldtog teen Suid-Afrika in die buiteland — wat onlangs ook in die parlement aan die lig gebring is — die nek in te slaan. Daarom het die A.S.B. se direkteur vir Internasionale Studente-aangeleenthede onlangs 'n skrywe aan alle Universiteite gerig. Uittreksels daaruit toon dat dit vir die A.S.B. erns is om Suid-Afrika se standpunt eerlik en onverdraaid te stel:

**"We, the A.S.B., on behalf of more than 16,000 members, who represent the vast majority of South African students view this deed of N.U.S.A.S. (oor die aparte universitêre opleiding) with greatest concern and cannot consider it otherwise than an act of high treason towards South Africa.**

**"We, the A.S.B. stand foursquare behind our government. We know that its aims are humanitarian. Our enemies are liberalists and leftists. We have millions of friends all over the globe, but unfortunately they are not in control of the great propaganda machine . . . "**

Die A.S.B. is sedert sy stigting 'n voorstander van afsonderlike ontwikkeling vir die verskillende rassegroepe in Suid-Afrika, enersyds omdat dit die enigste moontlike realistiese en praktiese uitvoerbare oplossing vir ons rasseprobleem is, en tweedens omdat die Afrikaner nog nooit 'n voorstander van maatskaplike integrasie was nie.

Dit blyk dat die Afrikaanse student op internasionale terrein besig is om sy voete te vind en kontakte op te bou en te verstewig wat ten spyte van hardnekkige teenstand en doelbewuste uitsluiting tog van onskatbare waarde is.

Uit die tienjarige gedenkboek van A.S.B. blyk dat die grootste struikelblok in die weg van die Afrikaanse student op internasionale terrein drieërlei is:

1. 'n Oorweldigende vooroordeel wat deur die jare opgebou is teen Suid-Afrika as gevolg van eensydige inligting, onkunde en kwaadwillige wanvoorstelling.

2. Die konstitusionele onbevoegdhede van die A.S.B. self om as verteenwoordigende liggaam binne die raamwerk van internasionale studentesamewerking erken te word, nl. (a) sy ideologies-eksklusiewe grondslag, en (b) sy kultureel-seksionele lidmaatskap.

3. Die onaanvaarbaarheid op internasionale terrein, veral onder studentegeledere, van die beleid van segregasie tussen studente van verskillende etniese verbande in opvoedkundige aangeleenthede.

Alhoewel die Afrikaanse student nog nie hiervoor 'n oplossing kon vind nie, is hy meer as ooit tevore doelbewus besig om ook hier sy stem te laat geld ter verwesenliking van sy ideaal: 'n onafhanklike, selfstandige volk.

Dit is so dat die konflik tussen N.U.S.A.S. en die A.S.B. ook van die buiteland belangstelling uitlok en Nusas se eensydige stelling van feite word nie meer oral sonder meer aanvaar nie. Hierdie bewering word gestaaf deur 'n brief in 'n Belgiese studentekoerant: „Ik volg met veel belangstelling de ontwikkeling van de betrekkinge tussen de A.S.B. en N.U.S.A.S., ook de antwoorden op de omzendbrief van de A.S.B. betreffende het rassenvraagstuk hebben mijn belangstelling gewek."


# *Joolbladverkopers van Pretoria*

**Die optrede van 'n aantal Tukkies wat Vrydag joolblaaie in ons dorp verkoop het, is teenstrydig met die onderlinge verhouding van samewerking tussen die twee Universiteite.**

**Die Pukke voel dat hulle gekortwiek is deurdat die aantal Tukkies die P.U. se reklame vir Vreugdedag gebruik het nog voor die Puk se amptelike aksie sou begin. Die beswaar is nie teen die verkope en ywerigheid van die verkopers nie, maar teen die ongeleë tydstip waarop hulle Potchefstroom besoek het. Aan die vriendelike versoek van die Pukke om nie die Tuksjoolblad in die dorp te verkoop nie het die Tukkies hulle nie gesteur nie, maar selfs met beplakte motors die P.U. se organisasie in die wiele gery.**

**Sukses van Vreugdedag word in laaste instansie gewaarborg deur die goedwillige steun van die publiek, en as hierdie groot publiek twee dae na mekaar moet beursies leegmaak — en dit vir verskillende inrigtings — begin hulle skeef opkyk.**

**Die aksie van die Tukkies word nie in Pukkeland geregverdig nie. Dit word beskou as 'n skending van die ongeskrewe wette van gebiedsafbakening en etiket en inderdaad 'n baie onvriendelike gebaar.**



**HOLLAND. Die bes-afgewerkte vlot.**

# UIT MATIELAND

'n Krisis het die afgelope twee weke in die studentelewe van die Maties ontstaan nadat ses lede uit die Studenteraad bedank het. Dit het as gevolg dat tien lede oorgebly het terwyl twaalf nodig is om 'n kworum te vorm.

Die hele probleem het ontsaan deurdat twee persone teen 'n mosie van die Studenteraad in verband met aparte universiteitsopleiding gestem het. Twee lede het buite stemming gebly. Ander bedankings het gevolg omdat lede gevoel het dat 'n nuwe Studenteraad gekies moet word daar hulle hul nie kan vereenselwig met die beginsels van die universiteit nie.

Ons hoop dat die Maties hu'le krisistyd spoedig te bowe sal kom en gestabiliseerd sal voortgaan.

# SKYNKONGRES TE POTCHEFSTROOM

'n Baie prikkelende en insiggewende programvergadering van die A.S.B.-tak aan die P.U. het verlede week die vorm van 'n skynkongres aangeneem. Op die patroon van een van die mosies tydens die jongste bondskongres van die A.S.B. wat te Pretoria gehou is, is gepoog om die lede te aktiveer en op hoogte te bring van A.S.B.-bedrywighede en probleme, en van N.U.S.A.S. se doenighede, binne- sowel as buitelands.

Mnr. Johan van der Vyver, pasafgetrede president van die A.S.B., was in die stoel en verskillende sprekers het die verskillende standpunte binne die geledere van die A.S.B. gestel.

Interessante bespreking is gevoer oor die rassebeleid van die A.S.B. Die A.S.B. stel hom op die standpunt van afsonderlike ontwikkeling van rasse in Suid-Afrika, ekonomies en sosiaal. Die beleid behels nie diskriminasie en onderdrukking nie, maar verskaf gelyke beregtiging aan alle rasse in ons land.

Die aktuele A.S.B.-probleem van ipso facto-lidmaatskap is deeglik uitgepluis. Die vraag is of die A.S.B. se doel as kulturele strydorganisasie nie uitgedien is nie en of dit 'n verteenwoordigende inter-universitêre liggaam is.

Die A.S.B. mag nie vaskyk teen sentiment nie, maar moet daadwerklik skakel met andersdenkendes, oorsee en in Afrika. In Suid-Afrika moet die skakeling geskied op die volgende grondslae:

1. Skakeling met N.U.S.A.S. of ander „gemengde" instansies;

2. Skakeling met blanke andersdenkende studente in Suid-Afrika; en

3. Skakeling met nie-blanke rasse in Suid-Afrika.


Die A.S.B.-bestuur kan gelukgewens word met die interessante wyse waarop die vergadering aangebied is. So word lede se nuuskierigheid geprikkel en belangstelling gewek vir die aktuele vraagstukke van ons land.



Vir Kwaliteit DROOGSKOONMAAK stuur na — WESTVAAL



Alle Gekysdes en Verloofdes!!!!




Bevorder U Sake.....

Kom na MALAN MEUBILEERDERS

Kerkstraat 112 Telefoon 2157



Claustrophobia?



★

IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „STUDIE"?

MAAK DAARDIE WOORD INTERESSANT EN DUIDELIK —

KOM NA

PRO REGE PERS

DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL

Kerkstraat 95 — Tel. 1164

BOEKHANDEL ANTIKWARIAAT






JANET says:

for: • SWEETS • GRILLS • COOLDRINKS

Take me to the —

Grand Cafe, President Cafe, or Van Riebeeck Cafe.





Dit sal Joubert & Jacobs wees Menere!


## TOER NA ISRAEL

Die Departement van Buitelandse Toere van die A.S.B. reël vanjaar gedurende Julie 'n toer na Israel. Die volgende plekke in Israel en Jordanië word besoek: Tel Aviv, Haifa, Nasareth, Galilia, Jerusalem, Jerigo, Askelon, Getsémane, Bethlehem, Nicosia en ander bekende Bybel-historiese plekke.

Die Toergeselskap vertrek vanaf Johannesburg op 1 Julie per vliegtuig en keer terug op 28 Julie.

Die koste beloop £300 per persoon.

**Lenings vir die volle bedrag kan van die Reisburo verkry word, betaalbaar teen maandelikse paaiemente plus rente.**

Die toer word nie slegs tot lede van die A.S.B. beperk nie, en 'n professor in Semitiese tale vergesel die geselskap as addisionele toerleier.

Verdere besonderhede asook 'n reisplan, inskrywingsvorms, ens. is te kry van:

Die Direkteur van Toere,
Dagbreek,
Stellenbosch.

## NAGTELIKE VERSTEURINGS

Om met die koel, breë en stil waters van Dawie Doep se befaamde watervoor kennis te maak, was Vrydag in die vroeë nagtelike ure die nare ondervinding van drie ooryweríge Tuks-joolbladverkopers.

Toe mnre. Herman Venter en Piet Steinberg van eerstespan-faam hul skrede na Dawie Doep se enigste telefoontjie wend, het hulle die drie vreemde baadjies in die omgewing van die eerstejaarsdomisielies bemerk.

Binne enkele keel-ontboeseminge was die vroeë besoekers omring van Dawie Doepers in naggewaad en na enkele minute is die rustige waters ru verstoor!

## Digter of Dirigent?

**From witty man and mad**
**All poetry conception had.**
**This definition poetry doth fit:**
**It is witty madness, or mad wit.**

**T. Randolph.**

## VANJAAR SE PUKKIE

By sy tiende verjaarsdag maak die Pukkie vanjaar 'n baie frisse en genotvolle indruk. Die oogmerk van die redaksie om „'n tydjie van kommervrye genot te verskaf sonder om die beginsel van sedelikheid te versaak of te verloën", is in alle opsigte verwesenlik.

Die blad is tegnies en kunstig baie goed versorg en getuig van oorspronklikheid wat hom beslis bokant vorige Pukkies stel. Die leesstof is aantreklik aangebied en die kleurskemas baie effektief.

Hierdie vrolike en verkwikkende Pukkie getuig van vindingrykheid en inisiatief aan die kant van die redaksie. Aan mnr. Dries Yssel en sy mense: hartlik geluk met julle besondere poging!

## „Gnu-like Wit?"

**Het u al 'n Gnu ontmoet? Ek het hom gister in 'n „Practical Dictionary" ontmoet. Hulle sê dit is "a South African antelope having a buffalo-like head, an asslike mane, and a horselike tail."**

**Aangenaam, mnr. Gnu, alias Blouwildebees; die drie pond tussen my ore voel nou taamlik "gnu-like".**


# die wapad

**Redaksie en Administrasie**

| | | |
|---|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Nesco du Toit | 2911. |
| ONDER-HOOFREDAKTEUR en SPORT | Idyll van der Walt. | 2560. of X047. |
| INTERUNIVERSITÊRE AANGELEENTHEDE | Dirk Herbst | X041 |
| NUUS | Dewald Roode | 1566. |
| | en Frans van der Vyver | 1366. |
| KUNS | Enid Rautenbach | 1385. |
| VARIA | Proffie van Vuuren | X041. |
| | en Bets Coetzee | 0013. |
| SPOTPRENTTEKENAAR | Ben van der Walt | 8611. |
| FOTOGRAWE | Johan van der Merwe | 19. |
| | en Marieke van der Merwe | 281. |
| TEGNIESE ADVISEUR | Gouws Oberholzer | 2162. |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Rassie Smit | X042. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Bennie Bierman | 1188. |
| PENNINGMEESTER | Jan Kense | X09. |
| TAALADVISEUR | Dr. Hertzog Venter | |

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**
**VRYDAG, 1 MEI 1959**




## REDAKSIONEEL
### VERBODE LEESSTOF

Van jaar tot jaar, van universiteit tot universiteit styg die kreet om GEES: meer gees en beter gees.

En retories van jaar tot jaar roep elke generasie pligsgetrou: „nog nooit was die gees hopeloser as nou nie!"

'n Omskrywing van die woord is moeilik, en dus onnodig.

'n Mens moet dit liewer probeer **begryp.**

Of, nog beter, 'n mens **vang hom.**

En dis nou net hier waar dinge begin knoop en deurmekaar raak: voor jy weet waar jy is, sit jy kniediep in die koffiemoerbespiegelinge.

— Sonder die gees.

Jy bespiegel kliphard saam met dit waarin jy sit; dit waarin jy sit bespiegel saam met jou, en julle kom tot die gevolgtrekking dat daar iets radikaals verkeerd is: daar is nie gees onder die studente nie!

Bravo!

Jy het dit gesê en dit was nodig dat dit gesê moes word en jy staan op vaste grond want jou voorgangers het ook so gesê want hulle het ook nie gees gehad nie en blaas jou siel daar moet iets aan die saak gedoen word.

Moet 'n mens nie ten minste **hierdie** probleem van die sterktant af benader nie?

Jy sê daar is nie gees onder die studente nie.

Is daar STUDENTE?

**Gees** is nie iets wat deur doelbewuste pogings geskep kan word nie. Dit is inderdaad maar 'n splinter van 'n baie groter stomp hout. Dit is 'n vanselfsprekende eienskap van 'n intellektueel ontwikkelde groep mense — mense wat deur intelligente studie gekom het tot ewewigtige lewensbeskouing; mense wat in staat is om met briljante begrip en selfvertroue sake waar te neem en te interpreteer. Mense wat werklik weet wat **studie** is.

Het ons STUDENTE —

of mense wat **swot?**


## DIE DEPERSONALISASIE VAN DIE MENS DEUR DIE MODERNE TEGNIEK

—Prof. dr. W. P. ROBBERTZE

Die spesialis word soms skertsend in die daaglikse omgang gedefiniëer as iemand wat al meer en meer weet van al minder en minder totdat hy alles weet van niks. Hoewel as 'n grap bedoel, gee hierdie definisie tog 'n goeie idee van wat onder die begrip spesialis en daarmee onder spesialisasie verstaan word.

Gedurende die laaste paar eeue het ons kennis van die wetenskap en die tegniek so 'n geweldige omvang aangeneem dat een persoon onmoontlik die ganse gebied meer kan oorsien en beheers. 'n Duitse geleerde het hiervan gesê:

Das Wissen wurde so gross, dass das
Wissen kleiner werden muss.



Die kennis het so groot geword dat dit kleiner gemaak moes word. Dit kon alleen gedoen word deur die kennis op te splits in kleiner onderafdelings en die opleiding en in dienstelling van persone in die kleiner afgebakende gebiede. Met die koms van die moderne tegniek en die grootindustrie het hierdie proses van spesialisering so sterk na vore getree dat dit op hierdie gebiede tans die ganse toneel oorheers.

Veronderstel dat u 'n boek het met oneindig baie bladsye waarvan op elke bladsy slegs die drie woorde „een, twee, drie" ondermekaar neergeskryf is. En nou is dit u taak om u daaglikse brood te verdien deur dag na dag bladsy vir bladsy om te blaai en steeds maar te lees: „een, twee, drie" van nege tot een en dan weer van twee tot vyf in die namiddag. Kan u u in so 'n toestand indink? Indien wel, dan het u 'n begrip van die taak van die werker in die groot industrie vandag. Met eentonige reëlmaat 'n hefboom afdruk en dan weer optel of met dieselfde reëlmaat 'n voorwerp van 'n bewegende band afhaal, en in rye op 'n rak neersit — dit gee 'n beeld van die beroep van die industriële werker van die twintigste eeu. Bedink nou welke gedeelte van die mens se persoonlikheid by hierdie proses in werking tree, welke gedeelte van sy persoonlikheidspotensiaal in funksie geroep word? 'n Baie klein gedeelte. Wat word van die res? Dit word opgehef, dit muf en verstomp. Die mens verloor sy roepingsbesef t.o.v. die arbeid. Wat is die resultaat? 'n Menslike robot sonder identiteit en sonder individualiteit m.a.w. die massamens — 'n ontpersoonlikte wese.

Uiteraard is die tegniek en grootindustrie nie die enigste faktore wat tot hierdie verskynsel bydra nie. Dit is ons egter hier te doen slegs met hierdie faktore.

Arbeidsverdeling en spesialisasie is gesond mits die werker nie daarmee oogklappe aangesit word nie d.w.s. mits hy by sy gespesialiseerde werk tog ook die samehang, die geheel in oog kan en **moet** hou. Hy mag nie van alle persoonlike verantwoordelikheid onthef en alle inisiatief ontneem word nie. Trouens die **hele mens** moet tot aktiwiteit geprikkel en tot persoonlike inspanning en arbeid geroep word. Maar in die groot industrie gebeur dit vandag nie. Die massamens sterf 'n geestelike dood. Navorsing op hierdie gebied het onrusbarende resultate aan die lig gebring.

Een van die skoonste voorregte wat God aan die mens gegee het, nl. om in die vryheid van sy volle persoon te arbei, gaan verlore in die gemaal van die twintigste-eeuse masjien. Sy arbeidsmilieu word 'n geestelike graf. Die ergste van alles is dat die mens onbewus is van die slawekettings waarmee hy geboei word. Dit gebeur ongemerk — en die totaalresultaat is een van gelykskakeling, regimentering en kollektivering, 'n toestand wat in Rusland byna op alle lewensfronte oorgeplant is.

Vanselfsprekend is hierdie proses van ontpersoonliking of depersonalisasie nie die enigste kwaad wat die vitaliteit van die Westerse beskawing vandag aantas en ondermyn nie. Dit is ewewel 'n belangrike faktor.

Wat is ons taak in hierdie verband? Ons sal en moet toetree tot die arbeid in die volle besef dat dit 'n opdrag van God is. Ons sal te vuur en te swaard stry teen hierdie proses van gelykskakeling met al die middele en gawes waarmee God ons geseën het.

**Weens onvoorsiene omstandighede verskyn in hierdie uitgawe geen oordenking nie.**

## VAN STUDENTERAADSWEË

Die Studenteraad het besluit om die Rektor te nader met 'n versoek om die verbod op die aanhou van motors op die terrein op te hef. Die Studenteraad het alle rede om te glo dat die Raad op sy volgende vergadering hierdie versoek baie gunstig sal oorweeg.

Intussen moet die Studente hulle maar hou aan die bestaande reëls.

Van die 295 studente wat die studentehandboekeksamen geskryf het, is daar 100 studente wat alreeds tweede- of derdejaars is.

Die uitslag word teen die einde van Mei verwag. Die senior-studente se vraestelle word eers nagesien en hulle kan die uitslag voor Intervarsity verwag.

Die Studenteraad het 'n aansoek om affiliasie met NUSAS ontvang en dit van die hand gewys om die volgende redes:

1. NUSAS besit nie 'n grondslag van Christelike-Nasionaal nie.

2. NUSAS het ope lidmaatskap.

3. NUSAS het nóg Binnelands nóg Buitelands bewys dat die Afrikanerstudent hom in dieselfde kamp kan beweeg as NUSAS sonder om sy ware Afrikanerskap prys te gee.


## NAVORSINGSPROJEKTE—(1)
# ONDERSOEK
## i.v.m.
# KOSMIESE STRALE

In die Departement Fisika van die Universiteit word daar tans in vier verskillende rigtings navorsing gedoen in verband met kosmiese strale. Die navorsing, wat deur nagraadse studente onder leiding van die dosente gedoen word, strek in die uiterste geval al oor 'n periode van vier jaar, en word deur die W.N.R. gefinansier, wat dan streng gesproke in besit is van die apparaat. Die apparaat is deur die navorsingsassistente en in sommige gevalle deur die studente self gebou, bv. die Wilson-wolkekamer wat deur Mnr. J. J. Kruger, tans van die Militêre Kollege, Saldanhabaai, onder leiding van Prof. P. H. Stoker gebou is ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes van die graad M.Sc.

Twee van die navorsingsprojekte staan onder leiding van Prof. P. H. Stoker, en twee onder Dr. M. A. Meyer. Dr. Meyer ondersoek nl. die energieverlies van vinnige /u-mesone in vaste stowwe asook die verstrooiing van /u-mesone in vaste stowwe. Die beginsel by die energieverlies van die /u-mesone is dat wanneer 'n gelaaide deeltjie deur 'n kristal natriumjodied beweeg, 'n ligflitsie uitgegee word. 'n Fotosensitiewe plaat wat aan die bokant van 'n elektronvermenigvuldiger is, skep die ligflitsie deur die natrium-jodied om in 'n elektriese impulsie, wat dan deur die elektronvermenigvuldiger versterk word. Deur die verskeie versterkers in die stroombaan in te sluit, word die elektriese impulsie versterk tot omtrent 100 volt. Hierdie impuls is dan 'n direkte maatstaf van die energieverlies van die /u-mesone deur die natrium-jodied. Die resultate van hierdie navorsing word tans gereed gemaak vir publikasie.

Die tweede ondersoek, nl. i.v.m die verstrooiing van /u-mesone in vaste stowwe word nog gedoen. Hier word die pad van die deeltjies deur 'n vaste stof met behulp van 'n hodoskoop bepaal. Dit is naamlik 'n rangskikking van telbuise kruis en dwars oor mekaar wat hulle in staat stel om die uiwtykingshoek van die /u-mesone van hulle normale invalsbane vas te stel. Die apparaat is toegerus met 'n outomatiese kamera wat op die bepaalde oomblik wat 'n deeltjie deur die telbuise beweeg het, 'n foto neem van die neonliggies wat elk 'n telbuis verteenwoordig en registreer wanneer 'n deeltjie daardeur beweeg het. Die hodoskoop-toring van die apparaat bevat omtrent 100 telbuise ter waarde van ±£400 tesame met loodblokke van omtrent dieselfde waarde.

(a.s. week: Direkte paarvorming deur /u-mesone en die rigtingsafhanklikheid van /u-mesone in die atmosfeer).



**Die Elektroniese apparaat waarmee die verstrooiing van /u-mesone deur vaste stowwe nagegaan word.**

**INLAS: 'n Gedeelte van die toerusting vir die bepaling van energieverlies van /u-mesone in vaste stowwe.**




Merkwaardig!
Vriendelike diens!
Vriendelike mense!

**Die SENTRALE GARAGE**

**Potgieterstr. 39. Tel. 41**

VANSELFSPREKEND!





KWALITEIT?


INDERDAAD, MY VRIEND!

by

**G. & H. JUWELIERS**

**129 Kerkstraat. Tel. 1031**

# Briewe van ... Ons Kritici en ander lesers



## VREUGDEDAG ONDER KRUISVUUR

Geagte Meneer,

Sopas het 'n kwart van die studente van die P.U. vir C.H.O. vreugdedag gehou. Die uitgangspunt was skynbaar dat Potchefstroom 'n uiters klein bevolking het en dus nie eintlik werklik iets groots regverdig nie — daarom is iets kleins aangebied: mooi pikant tot in die hoofstraat en terug.

Die Vreugdedagkomitee en die handjievol mense wat hulle gewig ingegooi het, het gedoen wat hulle kon — maar 'n jool word gehou deur 'n **studentemassa.** Geen bestuur, hoe ywerig ook, kan Vreugdedag tot sy reg laat kom nie.

Aan die groepie persone wat werklik skouer aan die wiel gesit en gesweeg het, kom die bewondering toe wat hulle verdien. Was dit nie vir hulle entoesiasme onder moeilike omstandighede nie, sou daar geen kostuums en vlotte op die straat gewees het nie. En hulle verdien veral lof omdat hulle grootliks as enkelinge gewerk het. Daar was geen studentemassa wat Vreugdedag gehou het nie.

**'N DRINGENDE VERSOEK.**

Vreugdedag is by ons beperk tot Saterdagoggend. Kan daar nie van Studenteraadsweë 'n dringende versoek tot die owerhede gerig word om die hou van Vreugdedag meer **daadwerklik simpatiek** te sien nie? Waarom kan ander universiteite se studente 'n **volle week** lank afkry om as **massa** saam te werk tot die sukses van so 'n onderneming? Moet ons altyd sulke dinge maar êrens indruk en so 'n louwarm sukses daarvan maak?

Op die P.U. kom studente op Vrydagmiddag om 6.05 die aand van die klasse af met 'n tas in die hand OP 'N DAG WAT VLOTTE GEBOU WORD!

En dis nog nie die ergste nie: **Op Vrydagaand, die aand voor Vreugdedag, word klasse gereël vir die U.O.D. en U.L.O.D.-studente; vir verskeie groepe studente was toetse gereël vir Maandagoggend.**

Vrydagaand moes die vlotte reeds voltooi gewees het en moes die HELE STUDENTEMASSA die strate ingevaar het om die publiek voor te berei vir wat kom.

**DESENTRALISASIE.**

Desentralisasie van ons Vreugdedagfeesvierings is uiters gewens en m.i. die aangewese ding om te doen. Baie van die naburige dorpe weet nie eers van ons vreugdedag nie. Wat van Ventersdorp, Viljoenskroon, Carletonville, ens? Kan 'n gedeelte van Pukkeland nie reeds op Vrydagmiddag Klerksdorp binneval en vlotte agter die stadsaal bou vir die volgende dag nie?

**Die samewerking van alle Pukke is egter hiervoor nodig en dié ontbreek geheel-en-al.**

**DIE VREUGDEDAG-BESTUUR.**

Geen persoon wat nie self op 'n Vreugdedagkomitee was kan seker besef watter ontsaglike werk dit inhou nie, en mnr. Peet Oeschger en sy komitee verdien dankbare melding. Tog is daar heelwat vrae wat 'n mens jouself kan afvra:

Ek verneem dat daar van die kant van die A.B.K.K. 'n voorstel aan die Vreugdedagkomitee gemaak is om in die derde kwartaal 'n week lank fees te vier op die Campus. Die gedagte was om in daardie week die kunsfees van die A.B.K.K. te hou, die verskillende toerliggame uitvoerings van hulle programme te laat hou, en die hele week lank vlotte te bou op die Campus. Die plan was dan verder om aan die publiek kaartjies te verkoop teen 'n bedrag van ongeveer 5/- en hulle dan toe te laat om alle verrigtinge by te woon vir die hele week — selfs die vlotbouery — en dan, les bes, om die hele week se verrigtinge te bekroon met die hou van 'n Vreugdedag soos nog nooit tevore nie.

Almal sal saamstem dat dit 'n skitterende gedagte is, en die Vreugdedagkomitee het tot op 'n stadium hartlik saamgewerk en TOE SKIELIK UITGEDRAAI EN BESLUIT OM TOG IN DIE REEDS OORVOL TWEEDE KWARTAAL VREUGDEDAG TE VIER. Waarom? En dit nogal op die 25ste van die maand?

**DIE ORKES.**

Reeds 'n paar maande gelede is begin met die werf van deelnemers aan 'n moontlike kadetorkes. Wat het daarvan geword? Waarom is dan nie 'n orkes van een van die omliggende skole gevra nie?

**DORPSTUDENTE.**

Waarom word hulle heeltemal oor die hoof gesien? Daar is talle wat nie eens weet van die vlotbouery nie! Hoekom kan die vlothoofde nie lyste opstel van die persone wat aan hulle vlotte moet help nie?

**EERSTEJAARS.**

In baie gevalle is die vlotbouery slegs tot die eerstejaars beperk. Ons oudames en ouhere met die kennis en die ondervinding loop rond, terwyl die eerstejaars, wat niks van die saak weet nie, maar moet aansukkel.

**POTCHEFSTROOM TE KLEIN?**

Laat ons die saak breër sien en iets grootser tot stand bring. Ons is te gou tevrede met die bietjie wat gedoen word. Ons mik maar net altyd na £1000 of £1500. Pretoria in elke jaar met hulle jool oor die £20,000. Ons kan seker £5000 as ons mikpunt stel?

Is Stellenbosch nie kleiner as Potch. nie? Gaan kyk gerus wat maak die Maties met hulle dorp — as ons dan nou **moet** vergelykings tref!

**EN NOU?**

Gaan ons Intervarsity met dieselfde tipe lamheid tegemoet?

Ons kan beter. Maar daarvoor is 'n STUDENTEMASSA nodig wat werklik saamvoel en saamstaan in al ons HANDEL, SPEL en WERK.

Dankie vir plasing

Die Uwe.

Geesbewus.

(Die Voorsitter van Vreugdedag, mnr. Peet Oescher se antwoord verskyn hiernaas.

Die besondere klasse vir die U.O.D.- en U.L.O.D.-studente was uitsonderlik met die oog op 'n besoek van 'n buitelandse professor in die Opvoedkunde.—Red.)

Tomstraat 103,
Potchefstroom.
27 April 1959.

Geagte meneer die Redakteur,

In antwoord op „Geesbewus" se brief, net die volgende verduidelikings. Die Vreugdedagkomitee het wel besluit om saam met die A.B.K.K. te werk, mits die betrokke datum, 8 Augustus beskikbaar sou wees en mits die Studenteraad ons verlenging van dienstermyn sou toestaan. Aangesien die Komitee fungeer vanaf 1 Junie tot 31 Mei, het die Studenteraad ons versoek nie toegestaan nie. **Vreugdedag het dus nie uitgedraai nie.**

Wat die bepaling van die datum waarop Vreugdedag gehou sou word betref, het ons dit aan die Stadsraad in volgorde, 2 Mei, 25 April en 16 Mei voorgelê. Die datum wat toegestaan is, was 25 April. Dus 'n saak buite ons beheer, tenspyte van breedvoerige verduideliking aan die Stadsraad.

Verder dink ek dat dit verkeerd is om ons met Pretoria of Stellenbosch te vergelyk. Die Studentetal in beide gevalle is baie meer as dié van die P.U., en Stellenbosch jool in Kaapstad. As 'n sesde van die studente van U.P. aan 'n jool deelneem, dan neem reeds 1,000 studente deel.

Die Vreugdedagkomitee kon nie instrumente in die hande kry nie en het wel Gimnasium, Volkskool en Boys' High genader. Die betrokke skole het egter ander verpligtinge gehad en kon nie optree nie. Die Komitee kon ook nie die toestemming van die militêre owerheid kry om instrumente te leen nie.

Dit spyt ons dat die betrokke skrywer nie die kennisgewingbord dopgehou het nie, anders sou hy wel die kennisgewing vir dorpstudente gesien het — indien hy nie weet nie — die dorpstudente het wel 'n vlot gebou.

„Geestebewus" het blykbaar ook rondgeloop anders sou hy gesien het dat grotendeels ou-here en ou-dames die vlotte gebou het.

Tukkies kry ook nie 'n week af om te jool nie, hulle vat 'n week af.

Ons erken dat Vreugdedag nie bo kritiek is nie en dat „Geestesbewus eintlik teen die houding van die massa te velde trek.

Dit spyt die Komitee dat 'n persoon soos „Geestebewus", met sulke vrugbare planne en idees, dit vir homself hou en dan agterna „blaf". Sal hy asseblief so goed wees om die Studenteraad en ons probleme vir die toekoms op te los met die oog op die benoeming van 'n voorsitter vir die Vreugdedagkomitee, deur sy identiteit bekend te maak.

Dankie vir plasing.

P. H. Oeschger (voorsitter).
J. L. Ras (ondervoorsitter).

Redakteur,
Die Wapad.

Meneer, — Gedurende die afgelope vakansie het 'n persoon wat belangstel in studente-aangeleenthede, hom skerp teenoor my uitgelaat teen die Kovsies wat in een van hulle blaaie letterlik gedweep het met die woorde „blonde spioen." Sy opmerking was: „Hulle is presies vier maande na die tyd." Nou voel ek my gedwonge om dieselfde van die 'Pad te sê: Prof. B. Spiculum se „artikels" is NOU maar net vyf maande na die tyd!

Van „onoorspronklikheid" wil ek hom **nie** beskuldig nie, wel wil ek hom dit verwyt: Eerstens het hy in al sewe sy artikels op dieselfde snaar getokkel, en as ek sê dit word later vals EN vervelig, is dit uiters sag gestel. Tweedens wou die geestigheid van sy artikels maar net nie tot my deurdring nie. Sy artikels bly laf — op die peil van die „gawe grappe" en „serial jokes." Ons grinnik misnoegd, maar kan nie die poging waardeer nie.

Mag ek dan net laastens ons geleerde vriend gelukwens met die byvoeging van nog twee woorde tot sy uitgebreide woordeskat, en wens hom 'n spoedige terugkeer na sy tuiste toe.

Dankie vir plasing.

E. v. d. Westhuizen.
Dawie du Plessishuis II,
21 April 1959.

(Inderdaad! — Hy glo my ook nou. Hy wou darem so graag „'n sê op haar inkry". Tussen u en my gesê vertoon hy baie sterk eienskappe van 'n massa-mens — uit Midde-Afrika.—Red.)

# Nuus uit Studenteblaaie

## Asië

Opvoedkundiges in die nuwe onafhanklike state van Asië ondervind tans dieselfde moeilikhede as Bantoe-Opvoedkundiges in Suid-Afrika. Die nasionaliteitsgevoel in die state eis onderrig in die moedertaal, en nie in die taal van die Westerse koloniste nie. Daar bestaan egter geen handboeke in die moedertaal nie, en onderwysers en lektore is ook nie in staat om daarin te onderrig nie.

(THE STUDENT)

## Matieland.

In Matieland is daar op die oomblik ook hewige roeringe aan die gang. Op 'n vergadering van die „Anglican Society" wat deur Dr. Joost de Blank toegespreek is, het studente uit die gehoor die vergadering gesteur deur tussenwerpsels. Hewige reaksie het gevolg na afloop van die vergadering, en DIE MATIE het binne vier-en-twintig uur briewe van 71 studente ontvang waarin hulle hulle ten sterkste uitgespreek het oor die gedrag van sekere studente by die vergadering.

In die uitgawe van 25 Maart van DIE MATIE word berig dat „die Stellenbosche Studenteraad uit die A.S.B. gaan trce indien die Matiestandpunt insake die innerlike teenstrydigheid binne die A.S.B. nie aanvaar word deur die A.S.B.-kongres nie." Hierna berig DIE MATIE op 17 April dat „Stellenbosch moet voortgaan met sy ondersoek na die moontlike stigting van 'n federasie van Studenterade." Die versoening tussen Noord en Suid en die versterking van die eenheid in die geledere van die Afrikanerstudent word geopenbaar daarin dat die A.S.B. die krisis in eie geledere oorleef het: waar die Suide die A.S.B. as Seksioneelkulturele strydorganisasie reeds sy doel uitgedien gesien het, en die stigting van 'n federasie van Studenterade beoog het om te dien as verteenwoordigende liggaam, terwyl die Noorde weer eg. taak van die A.S.B. vooropgestel het met die doel om o.a. die Afrikaanse Universiteite te verteenwoordig, is 'n kompromie aangegaan deurdat beide die A.S.B. bly bestaan en 'n Federasie gestig word.

Mnr. Ben Pieters, Stellenbosche Hoofbestuurslid van die A.S.B., het verklaar dat die rede waarom Stellenbosch nie tot NUSAS toetree nie, is dat „Stellenbosch beswaar het teen NUSAS omdat lg. konstitusioneel berus op 'n gelykstellende basis tussen blank en nie-blank wat strydig is met ons lewensbeskouing."

## Tukkies.

Die gespesialiseerde rigtings van die sub-verenigings van die Pro Arte Kunsvereniging het toe die verwagte resultate gelewer: die pas afgelope A.S.B.-kunsfees was toe maar omtrent net 'n Tukkies-Kunsfees. Elf van die sewentien items wat op die kunsfeeskonsert gelewer is, is deur Tukkies gelewer. Met die klein Dalrymple wat in Pretoria gehou is, het die Tukkies ook met die beker weggeloop.

## Studente agter die Ystergordyn:

Volgens wat 'n Hongaar in die Utrechtse universiteitsblad van die Studentelewe agter die Ystergordyn vertel, is dit net 'n klein groepie bevoorregtes wat tot die universiteit in Boedapest toegelaat word. 'n Politieke ondersoek, eksamens en huislike agtergrond bepaal of 'n mens verder mag studeer. Die weeklikse rooster van elke student sluit vier uur van College Marxisme-Leninisme in, asook deeglike militêre opleiding. Die staat betaal alle studies, organiseer die besteding van elke student se vrye tyd, en skryf voor watter boeke gelees mag word. Wanneer 'n student sy kursus voltooi, plaas 'n partykommissie hom in 'n betrekking.

In Pole lyk die prentjie anders. Studente het betreklik baie vryheid en gerieflike omstandighede. Die politieke gees, wat partymaal so skreiend tekort skiet by ons Afrikaanse studente, is die Poolse studente se vernaamste kenmerk. Aan die ander kant kry die studente van Tsjeggo-Slowakye nooit kans om selfstandig te dink nie. Hulle is finansieel geheel en al afhanklik van die staat, en moet gevolglik die kommunistiese denkrigting van die staat blindelings navolg. Opmerklik is die baie studente uit Afrika en Asië wat daar studeer. Klasse duur die hele dag en die aand studeer almal in die biblioteek. Om elfuur ontvang elkeen sy kamersleutel, waarop hulle dadelik gaan slaap.

(DIE MATIE)

## Universiteite Noord van Limpopo.

Noord van die Limpopo bestaan daar vier universiteitskollegas in Britse gebiede, een in Dakar, Frans Wes-Afrika, drie in Belgiese gebied en een elk in Ethiopië en Liberië. Verder is daar universiteitskolleges in Ghana en die Soedan. Daar is ook 'n aantal privaat-instellings en opleidingskolleges in Afrika. Mnr. Johan van der Vyver, voormalige president van die A.S.B., het op die onlangs gehoue „kongres" aan die P.U., enkele van sy ondervindinge in Noord-Afrika tydens die Accra-kongres wat in Siera-Leone gehou is, meegedeel. Onder meer het mnr. van der Vyver verklaar dat die Universiteitskollege van Ghana se geboue en fasiliteite enige universiteit in S.A. die loef afsteek. Op die oomblik is hulle voorsien van meer as wat hulle nodig het, sodat daar byna vir elke tweede student 'n lektor is.

In aansluiting by bostaande gegewens kan ook gemeld word dat daar in Suid-Afrika agt universiteite bestaan.

# VREUGDEDAG

Die vlotte tydens vanjaar se Vreugdedag was oor die algemeen van 'n veel hoër gehalte as voorheen. Algemeen kenmerkend was die deeglike afronding en die aandag wat daaraan bestee is. Die voorstellinge was van die verbeeldingrykste en interessantste wat ons seker nog op die Puk gehad het.

Die tema — lande en hul leefwyses — het hom waarskynlik veel makliker tot uitbeelding geleen as byvoorbeeld verlede jaar se tema, naamlik grepe uit die musiekwêreld.

Die kostumering is oor die algemeen gekenmerk deur oorspronklikheid. Veral die groepskostumering het getuig van baie moeite en aandag wat daaraan bestee is om deeglike afronding te bereik. Die individuele kostumering het egter die gevoel gewek van 'n gebrek aan inisiatief en vindingrykheid aan die kant van die studente. Om hierop te verbeter, sou dit miskien goed wees as in die toekoms kostumeringshoofde aangestel word om leiding te gee.

Die beoordelaars, prof. en mev. J. Chris Coetzee, mnr. en mev. Harry Holtzhauzen, prof. en mev. S. P. van der Walt en mnr. en mev. Daan Eloff het geen maklike taak gehad om die wenners aan te wys nie.

Die wenvlotte was: beste afgewerk: Holland van Dirk Herbst en Annemarie Lindthout. Die skilderwerk en afronding aan die vlot is egter gedoen deur Enid Rautenbach; lagwekkendste: Pukkeland van Andries van der Walt en Maryn Fourie; oorspronklikste: Afrika en Amerika van Sarel Pretorius en Annemarie Schutte en Casper Venter en Jean Venter.

Pryse vir die beste kostumering is toegeken aan: die Ampiegroep, die man met die hoë fiets, die boemelaar en die Marsdametjies.

## *Tussen ONS gesê*



Mnr. Johan van der Vyver se skielike verskyning op die Puk het almal laat wonder wat hy weer vanjaar hier maak. Die Wapad kan vir u lig werp op die saak: Mnr. van der Vyver is nou vir goed hier. Sy Pa het hom aan die Puk se Boufonds geskenk.

**Mnr. Toy Dannhauser** is onlangs verkies tot sekretaris-penningmeester van Postmahuis. Sy voorganger (ons verswyg sy naam om taktiese redes) is weens wangedrag ontslaan. Mnr. Dannhauser beywer hom vir samewerking in die algemeen, en is tans besig om 'n uitgebreide program van Koshuisspeletjies vir bloktyd op te stel.

**Mej. Hester Venter** van Klawerhof deel mee dat sy agterstallige radio-lisensies gaan betaal met die £2 wat sy in Studentevaria gewen het.

**Mnr. Proppie Steyn,** 'n fisiese pedagoog, het na aanleiding van Die Wapad se bewering dat 'n mens se brein naastenby drie pond weeg, ondersoek ingestel waarom 'n mens (of altans sommiges) so 'n groot gewig altyd onnodig moet saamdra. Hy het die volgende vasgestel: Die brein is nie nutteloos nie, dit verhoed dat 'n mens se oë in jou kop inval as jy op jou rug lê en slaap. Dis daarom dat die brein so onmisbaar is, veral by studente!

Die Wapad verneem dat die **U.O.D.'s van Kulu** die samewerking van alle studente vra om 'n stap-

(Vervolg in volgende kolom)

klub te stig tot tyd en wyl daar 'n gereelde busdiens „INRY"-toe is. Belangstellendes kan 0044 gedurende de klastyd skakel.

**Mnr. Schalk Hoogenboezem** verwag om nog baie lank op die Puk te bly aangesien die Monumentekommissie hom 'n week of wat gelede as Historiese Monument verklaar het.

**Mnr. P. A. Venter** was so verheug oor die rol wat hy in Thalia gekry het dat hy een nag Kulu binnegesluip het om te „serenade". Iemand het hom daar vir 'n boosdoener aangesien en met 'n bottel „Vicks" teen die kop gegooi. Die inhoud (van die bottel, natuurlik) het gelukkig nie verlore gegaan nie en Mnr. Venter was net in die „Vicks" en gelukkig nie in die „fix" nie.

**Mnr. Cassie Steenkamp,** wat die afgelope drie weke by **Boys' High** geproef het, verklaar dat hy 'n boek gaan uitgee oor „Die Wonder van Afrikaans."


## Dodelik!

**D.D.T. staan vir dichlorodifenieltrichloro-etaan. Geen wonder dit laat vlieë vrek nie! Ek wonder waarvoor staan die T.E.E. in koshuis-tee?**

## Tokkelokke?

**Zoo veel mans zijn een man**
**Als hij vreemde talen kan.**
**Jacob Cats.**

## *Verlief, Verloof,* X X X X X



X X X X X *Gekys, en so voorts*

Vreugdedag het blykbaar net vreugde en geld opgelewer en geen kyste nie. Miskien is daar tog een of ander kys waarvan niemand weet nie: een van daardie wat op 'n uitdraaipad beweeg en nie die Wapad bereik nie. Ons het egter nie vars dubbelspore (d.w.s. twee nomer tiens en twee nommer dries) langs mekaar in die Wapad opgemerk nie. Miskien is die 'Pad nie meer sanderig genoeg nie. Hans van Zyl en Karien gaan ook so aan dat hulle omtrent alle spore uitwis.

### KONFETTI.

'n Bietjie nuus wat al so 'n melkbaardjie soos Dries Yssel het van ouderdom: So in die omgewing van die laaste vakansie was hier weer 'n konfetti-reën op die Puk. **Mnr. Andries Kruger en Mej. Sophie Potgieter** was gesamentlik verantwoordelik hiervoor. Hartlik geluk met u huwelik, mnr. en mev. Kruger. Mnr. Kruger se mede-tokkelokke ('n simpatieke ou klompie) gaan glo vir mev. Kruger 'n rubber-koekrol'er present gee. Ons hoop dié waardevolle geskenk sal lang en nuttige diens lewer!

### SLAAP PIKANIENIE

Hierdie nuusbrokkie se baard is al so 'n halfduim langer as ou Dries s'n. In elk geval, dit is vir ons aangenaam om **Mnr. en Mev. Willem van der Westhuizen** geluk te wens met die seun wat hulle ryker geword het. Net dit aan die Dore: die nuus is ongelukkig nie twintig jaar oud nie, net 'n paar maande.

### BLINK GEDAGTES.

Die Weerburo sê dat ons na genoemde „reën" 'n paar weke droogte gaan hê. Ek stem nie saam nie, want 'n hele klompie Pukke het hul blink gedagtes gekonkretiseer (verskoon asseblief die woord want die saak is ernstig )in Blink Ringe. Ons wens die volgende geluk met hul verlowings: **Piet van Heyningen** en **Rina Schutte; Hannes van der Walt en Susan du Plessis; Ds. Peet Smit en Baba van der Merwe.** Wie sê nog die konfettie-reën is oor?

### VRA SAMEWERKING

Die Wapad vra samewerking. Waaroor kan 'n ordentlike student nou skinder as daar geen kyste kom nie? Seker tog nie oor daardie ding wat so een uit tien studente af en toe oor dink nie, nl. studeer. 'n Kys is glo soos vriendelikheid: dit kos niks en bring vreugde. Waarom dan nie kys nie? Ter afsluiting groet ons u met hierdie stukkie raad: vat 'n pêrevel saam, dit begin koud word.




Ons maak 'n klankie vir
**Kollege Kontantwinkel**
**SOMMER HIER BY U!**
**Tel. 2912.**

**REBA-KAFEE**
**Tomstraat 88**
DORS?
HONGER?
Bestorm ons om kronies versadig te raak.



**DIENS!**
OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .
**Mooirivier-Apteek**
**Kerkstraat 205.** **Telefoon 380.**



**U Fotograaf vir Kuns en Kwaliteit**
***ALF'S STUDIOS***
**KERKSTRAAT 133** **TELEFOON 2432**

**Drink die beste!**
- PEP-A-GUAVA
- PEP-A-DILLA
- TING-A-LING
- TOPHAT

PEP-I-DOO

**S & S**
Drink
- SUPER ORANGE
- FRESH ORANGE

**Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134**
**POTCH MINERAL WATERS**

**J. du Raan**
**HORLOSIEMAKER EN JUWELIER**
Gewaarborgde Herstelwerk aan Horlosies deur G. Barth wat sy opleiding in Duitsland geniet het.
**KERKSTRAAT 161**
**SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE**

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG"
BESOEK —
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
Allerlei ● WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK
asook ● KOELDRANKE en VARS LEMOENSAP
(5/- 'n halwe kan — 9/6 per gellingkan)
„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN"

# PUCHO'S? PIETJOUS?

Verlede keer het ons sportredakteur gebruik gemaak van die naam PUCHO'S. Dit het twee belangrike reaksies ten gevolge gehad: Eerstens is die redakteur uitgekryt vir al wat boos en uit die bose is; Tweedens het daar so 'n reaksie ontstaan van die kant van die proletariaat dat enige blinde bobbejaan kan sien dat die naam PUCHO'S nooit in die volksmond sal tuisraak nie, al is hy so dikvellig soos 'n renoster.

Nou wil ons nie die voorsteller(s) van hierdie naam afsit nie. Trouens, hulle vindingrykheid word verder dringend benodig — want die eerste rugbyspan het nog steeds nie 'n naam nie! Wat nou? Hoekom nie terug na Theos nie? Daar is nou soveel navorsing in dié verband gedoen en almal weet tog dat **Theos** eintlik afgelei is van Theologicans? Dit is nog tradisie. Dit is 'n tradisie wat nie vir „vooruitgang" moet plek maak nie. Om alle verwarring te voorkom, spel hom Theo's. En wat die uitskree op die pawiljoen aanbetref — drie-en-dertig en eenderde persent van die aanwesiges luister net na die **geskree** van die studente en luister nie na afsonderlike woorde nie; drie-en-dertig en een-derde persent weet nie wat die oorspronklike betekenis van Theos is nie; drie-en-dertig en een-derde luister glad nie eers nie — hulle kyk rugby!

Wat PUCHO'S aanbetref — ek het al uitsprake gehoor soos **Pak-os, Poekous, Pietjous** en (die treurigste van almal) **Puk-kos!** Netnou dink die mense ons praat van 'n sekere busmaatskappy in Johannesburg.

Nee, laat ons hier maar liewer op die ou paaie hou en onder die naam THEOS verstaan wat daarmee bedoel word, en nie bedoel wat daaronder verstaan word nie.

*Tennis*

## P.U. KLOP LINDLEY EN POTE

Die P.U. Manstennispan het tydens 'n besoek aan Lindley, O.V.S., daarin geslaag om die plaaslike span te klop in sowel die dubbel- as die enkelspelwedstryde. Die Vrystaters se gasvryheid was uit die hoogste rakke en **Dawie du Plessis** het bewys dat hy nie net die Puk se tenniskampioen is nie, maar ook ons **eetkampioen.**

Op 11 April het die Pukke daarin geslaag om ook die Pote onder die stof te loop. **J. Brewis** (P.O.K.) het vir 'n verrassing gesorg deur Dawie du Plessis 1—6, 6—1, 6—3 te klop. Ewe verrassend was die wegholoorwinning van **F. Albertyn** (P.U.) oor Normaal se bestendige **J. Olivier.** Albertyn is 'n belowende speler en daar word nog baie van hom verwag. Ook **Eddie de Jager** en **J. Taljaard** het hulle enkelspelwedstryde maklik gewen. Willem van Jaarsveld het ook goed vertoon en hierdie ou staatmaker word hart'ik terugverwelkom in die klub.

Ook in die Dubbelspel het die Pukke botoon gevoer en Eddie de Jager en J. Taljaard het as die beste paar van die baan gestap. Du Plessis en Albertyn het hulle spel oortuigend gewen. Ongelukkig moes Van Jaarsveld en Bornmann die knie buig.

Ook die dames het voorspoedig gevaar. Veral **Elma Faure** en **Stefanie Putter** het hulle teenstanders maklik onder die stof geloop. Ons kampioene, **Surette Heyns,** was ongelukkig om 4—7 te verloor. **Irma Schoeman** het egter weer maklik gewen. In die dubbels het **Heyns en Faure,** asook **Elize du Toit en Lydia Schoonbee** hulle wedstryde maklik gewen.

Dit skyn asof die P.U. oor een van die sterkste manspanne in Wes-Transvaal beskik en met nuwe bloed soos Albertyn en die ou klomp weer op stryk, kan ons sê: Hou die Pukke dop op die Interuniversitêre kampioenskappe — daar gaan verrassings wees!

*Rugby*

## Wes-Transvaal-Kleure

**Mic Moolman** en **Jan van der Schyff** het die P.U. se naam hoog gehou deur verlede Saterdag die groen-en-rooi trui aan te trek teen Oos-Transvaal. Verder het **Toy Dannhauser, Bok Fourie, Frans de Bruyn, Herman Venter en Piet Steinberg** vir Wes-Transvaal B opgedraf. Ons hartlike gelukwense aan hierdie manne, en die hoop dat daar volgende keer welverdiende bevorderings vanaf die B- na die A-span sal wees.

ONDER-NEGENTIEN.

Ses van ons onder-negentienspelers is gekies om in proefwedstryde op te tree teen Klerksdorp-area op 6 Mei op die Olën-gronde, t.w. **Piet van der Bank** (vleuel), **Carl Grundlingh** (losskakel), **Le Roux Marais** (haker), **Stéfan Heydenreich** (slot), **Piet Wolhuter** (slot) en **Isak Lessing** (flank). Ons hoop dat hierdie manne almal die paal sal haal in die Wes-Transvaalspan.

UITSLAE: :

P.U. I 5 — Dorp I 11.
P.U. II 16 — Dorp II 22.
P.U. II 9 — Dorp III 8.
P.U. IV 8 — Spoorweg O.

## DAMESHOKKIE

Die eerste dameshokkiespan het alreeds bewys gelewer dat hulle vanjaar 'n baie hoë peil gaan handhaaf.

Dat hulle die eerste ligawedstryd teen Pote verloor het, kan toegeskryf word aan die feit dat hulle op daardie tydstip nog heeltemal ongeoefend was. Die telling was 2—1.

In die ligawedstryd teen Blyvooruitzicht het hulle egter met sprankelende spel voor die dag gekom, en vér gewen met 9 doele teenoor die 2 van Blyvooruitzicht.

Hulle het vervolgens ook 'n oorwinning van 3—2 oor die sterk span van Girls' High behaal. Dit is beslis 'n prestasie, want Girls' High het vir Pote gewen.

Die telling teen Carletonville die 25ste April, was 6—3 in die Universiteit se guns.

Die agterlyn het baie goed verdedig, en Jean Venter het weer eens bewys dat sy die ou staatmaker is. Die uitblinkers op die voorlyn was veral Mej. Jo Schoeman, en die twee eerstejaars Alberta Howell en Margaretha Bingle. Die eerstejaars is vanjaar goed verteenwoordig in die eerstespan — daar is sewe van hulle.

Die tweedespan het aanvaklik nie te goed gevaar nie, maar in hulle wedstryd teen Dominion Reefs die 25ste, het hulle 'n oorwinning van 6—0 behaal.

# S. A. U. TENNISTOERNOOI

Dit is vanjaar die voorreg van ons Tennisklub om vir die eerste keer bogenoemde toernooi hier by ons te kan aanbied, gedurende die eerste week in Julie. Die standaard van hierdie toernooi is baie hoog en tennis uit die boonste rakke kan verwag word.

'n Hele aantal provinsiale spelers behoort in aksie gesien te word, bv. **Ian Froman** (Wits), **Bobby Spengler** en **Jacobson** (U.K.), **Hardtop** en **Natrass** (Natal), **Gustav Reinach** (U.P.); en dames soos **Pam Sharp** (Rhodes), **Adrey Pascoe** (Natal), **Di Goosen** en **van der Merwe** (U.P.). Dit sal dus van die beste tennis wees wat nog in Wes-Transvaal aangebied is en 'n gekombineerde Universiteitespan sal dan ook kragte meet teen 'n span van Wes-Transvaal.


Die P.U.-tennisklub se bestuur is reeds hard aan die werk en hoop om 'n puik toernooi aan die besoekers te bied. Daar sal altesame 80 spelers aan die toernooi deelneem. Interessant is die feit dat daar ongeveer **60 dosyn balle,** d.w.s. **720 balle** op so 'n toernooi **opgespeel word.**

Almal wat daardie tyd op Potchefstroom is of in die nabyheid, wil ons hartlik uitgenooi om hierdie toernooi by te woon.


E. J. de Jager.

(Ook van die kant van die Sportredaksie ons beste wense aan die Tennisbestuur. Ons weet dat mnr. Eddie de Jager, wat terloops voorsitter van die Suid-Afrikaanse Universitêre Tennis-unie is, en sy bestuur 'n groot sukses van stapel gaan stuur).


PUKKE.....



Vir julle BLERKASTE en ander ELEKTRIESE BENODIGDHEDE
W. J. SPAVINS en SEUN
Kerkstraat 101 Tel. 185



OP U PAD . . . .
Die Welkom-kafee
'N STUDENTEKAFEE!
* * *
H/v. President en Von Wiellighstrate.




Vir u
- FIETSE
- BROMFIETSE
- MOTORFIETSE
- TIKMASJIENE

ens.,

Kom na—
J. HEIDEMA
POTCHEFSTROOM
Telefoon 364. Kerkstraat 48.



DIS FEESTYD MET TURKSTRA SE GEBAK!

Uit die mond van die suigeling . . . . !



Dameth en Heerge
Die Bult Apteek
IS TOT U DIENS
Vlak onder u Neus
Tomstraat 86 Tel. 3091



CHRONIESE LOU VERWARMERS?
Stook hom met
OOSTHUIZEN se KOLE
Kerkstraat 104. Tel. 312



AITSA!
As die DAMES so sê
Koop die Jongeheer sy klere by—
J. TOD SUTTIE
Kerkstraat 177 — Tel. 1
POTCHEFSTROOM.


Gedruk deur ENSLINS, Potgieterstraat 31, Potchefstroom.